NNNN
ZCZC 347 01621
AAHQ16 FAME 100830
MP333
M43/372 10/01/87

NUUSBRIEF JANUARIE 1987

NUWEJAARSOGGEND HET N DOODSE STILTE IN DIE BASIS GEHEERS NA DIE OPWINDING VAN DIE VORIGE AAND SE MAID-MARION KOMPETISIE EN GEPAARDGAANDE FEESVIERINGE. LATER DIE OGGEND HET DIE BRA VAAL SKOONHEDE NA HUL SKOONHEIDSLAAP ONTWAAK EN DIT WAS N SKOK OM TE SIEN HOE HULLE SONDER GRIMERING LYK. ZONKIE QUINTON COETZEE IS AS MAID-MARION GEKROON MET HENK SUIKERBOSSIE BLOM EN LESSIE JOHN HUYSER AS DIE TWEE PRINSESSE.

SONDAG DIE 4DE WAS DIE EERSTE SONSKYN DAG EN DIE MARION-MIRE OLIMPIESE-SPELE HET PLAASGEVIND. DIE EERSTE ITEM WAS DIE SWEM VANAF DIE PUNT TOT OP BOULDER-STRAND, WAT DEUR ANDRE CRONJE GEWEN IS. DAARNA HET DIE MANNE EERS GOED GERUS, WEER OPGEWARM EN GEREED GEMAAK VIR DIE GEWIGSTOOT, VERSPRING (OF LIEWER DIEPSPRING) EN DIE CROSS-COUNTRY WEDLOOP. WEENS KORRUPSIE TYDENS DIE CROSS-COUNTRY IS AL DIE DEELNEMERS GEDISKWALIFISEER. DIE ALGEHELE WENNER WAS SAMPIE FERREIRA GEVOLG DEUR ANDRE CRONJE EN ARCHIE MOORE IN DIE TWEEDE EN DERDE PLEKKE.

ADRIAAN VAN ZYL HET SY DERDE STAPTOG OM DIE EILAND ONDERNEEM. HY HET ELKE AAND TUSSEN SONSONDERGANG EN MIDDERNAG BY DIE VOLGENDE HUT OPGEDAAG EN ONS WAS NOGAL VERRAS OM HOM NA 7 DAE TEEN 3 UUR DIE MIDDAG BY DIE BASIS TE SIEN AANKOM. STEVE HUNTER EN NEIL GARTSHORE WAS ELK ONGEVEER 10 DAE UITHUISIG OM DIE DOEN EN LATE VAN DIE VO ELLEWE AAN DIE ANDERKANT VAN DIE EILAND TE BESTUDEER.

DIE NUWEJAARSVOORNEMENS HET GEKOM EN GEGAAN - VIR SOMMIGES ALTANS. JOHN HUYSER SE VOORNEMENS OM OP TE HOU ROOK HET N HOOGTEPUNT BEREIK TOE HY DIE LEIERSKANTOORDEUR OOPGEBREEK HET OM SY SIGARETTE, WAT ARCHIE MOES B ERE, IN DIE HANDE TE KRY. MAAR N MAN MOET MOS VUURHOUTJIES OOK H E OM TE KAN ROOK EN TOE VAT JOHN DIE PAD LONGRIDGE-HUT TOE OM SY EIE VOORRAAD EN DIE BASIS SE TEKORT AAN TE VUL. MARTHAN BESTER BEWYS HOMSELF ALWEER VIR DIE SOVEELSTE KEER, WANT NA OUJAARSAAND HET N SIGARET NOG NOOIT WEER SY LIPPE GERAAK NIE.

VAN DIE IEWAT ONSEKER TWEEDEJAAR-STUDENTE WAT OP DIE EILAND AANGEKOM HET AS LEDE VAN MARTHAN BESTER SE SPAN, IS GEEN TEKEN MEER NIE - HULLE HET ALMAL ONTLUIK IN GEHARDE VOLWASSE EILANDMANNE. DIT WORD GESTAAF DEUR AANMERKINGS VAN DIE AANVANKLIKE SKAAM JOHAN KRUGER: DIE MEISIES IN DIE REPUBLIEK SAL NIE ANDERS KAN AS OM NA MY TE KYK NIE, WANT EK IS NOU OP DIE TOPPUNT VAN MY MANLIKHEID.

DIE LAASTE PELSROBWELPIES HET DIE EERSTE WEEK IN JANUARIE AANGEKOM EN HULLE GETALLE WORD OP ONGEVEER 6000 BERAAM. DIE WELPIES WEEG MIN OF MEER 4.5KG BY GEBOORTE EN N VOLGROEIDE MANNETJIE KAN TOT 200KG WEEG. DIE GASELLE SOOG VIR 4 MAANDE D.W.S. TOT APRIL, TERWYL DIE TROPICALES VIR 10 TOT 11 MAANDE (OKTOBER - NOVEMBER) SOOG. DIE MANNETJIES IS NIE MEER SO GEBIEDSGEBONDE NIE EN OOK MINDER AGGRESSIEF, TERWYL DIE WELPIES WAT VOORHEEN DIE LIEFTALLIGHEID SELF WAS NOU BEGIN TANDE WYS.

DIE AECENA-SADE BEGIN NOU DROOG RAAK EN IS LETTERLIK EN FIGUURLIK N DORING IN DIE VLEES AS DIT IN KOUSE EN KLERE BELAND. MET DIE WARMER TEMPERATURE VAN DIE SOMER IS DIE UITHEEMSE SAGINA BESIG OM GROOT GEDEELTES IN DIE OMGEWING VAN DIE BASIS IN TE NEEM. DIE GRAS-SPESIE, JUNCUS SCHEUCHZERIOIDES BLOM TANS EN MAAK DIT MAKLIKER OM DIE DRO ER DELE IN DIE MIRES , WAAR DIT MEER BEGAANBAAR IS UIT TE KEN. ALHOEWEL DIE TEMPERATURE OP DIE EILAND REDELIK LAAG IS (GEMIDDELDE TEMP. VIR JANUARIE IS 7.7 GRADE C) IS DIT INTERESSANT DAT DIE OPTIMUM TEMPERATUUR VIR FOTOSINTESE VAN SOMMIGE MOSSE TUSSEN 10 EN 15 GRADE C IS.

WEERDATA VIR JANUARIE 1987:

MAX. TEMP.	15.8 GRADE C
MIN. TEMP.	1.6 GRADE C
GEM. TEMP.	7.7 GRADE C
GEM. VOGTIGHEID	83 PERSENT
TOT. RE ENVAL	158.2 MM
HOOGSTE RE ENVAL	25.7 MM OP DIE 27STE
TOT. SONSKYN	179.5 URE
GEM.LUGDRUK	1003.1 MILLIBAR

NUUSBRIEF: MARIANNA STEENKAMP
MARIETA CAWOOD
WEERDATA: A.J. VAN ZYL

0 0 - .
-